# Henri stap aan...

Wat doen 'n jong meisie met sterre in haar oë vir die man van haar drome en 'n ewe groot liefde vir kinders? Sy trou en bring vyf seuns in die wêreld en maak hulle saam met haar man groot in 'n huis vol lag en lewe, waar almal met liefde omvou word.

En wat maak sy dan as een van haar geliefde seuns op 'n blou wintersdag in die see by Millerspunt deur 'n haai doodgebyt word? Sy rou saam met haar gesin soos wat net 'n ma kan treur. En sy skryf 'n boek om ander van haar smart te vertel, maar ook om die seer, donker leegte wat in hul midde gelaat is, met nuwe hoop en lig te vul as inspirasie vir alle mense wat al dié pad moes stap.

Dit is presies wat oud-Vanderbijlparker Lizette Murray gedoen het nadat haar geliefde middelseun Henri op 4 Junie 2005 uit hul gesin se vreedsame bestaan geruk is. Haar boek **Henri stap aan** het onlangs die lig gesien by Corals Uitgewers en is nou in die handel beskikbaar.

Dit is nie net 'n opregte en eerlike vertelling van haar eie verdriet nie - dit is 'n viering van haar kind se lewe, maar ook 'n verslag van die onbeskryflike pyn wat sy wegstap gebring het vir sy gesin en hele vriendekring. Dit is 'n boek wat getuig van 'n diep worsteling en talle vrae waardeur 'n ma moes werk voordat sy die flarde van hul geskeurde gesinskleed weer stukkie-vir-stukkie kon begin toewerk.

Henri stap aan moet beslis gelees word deur almal wat die seer verlangepad ken ná die dood van 'n geliefde.

* Lees die volledige resensie in hierdie week se Vaalweekblad. Een leser staan dan ook 'n kans om die boek te wen. Dié wat nie tot dan wil wag nie, kan die boek teen R120 bestel vanaf Corals Uitgewers by (016) 982 3255 of skakel die boekwinkel van die NG gemeente Driehoek by (016) 932-3218 of (016) 932-3220.




Die buiteblad van Henri stap aan.